MCH91-6a-2-1

(1)

Mandla Ernest Hashe

I am 35 years of age, I am looking after My Mother, at Native district transkai Where I am I now in Cape Town I am looking after the girl which I got a child on her of 10 moth of age

My name is Emerst Mandla Hashe. I was born at Cofimvaba and I am 36 years old and I am unmarried. At present I am an employee of the Cape Jewish Aged Home.

I was arrested at the Cape Jewish Home. During the day of my arrest which was the 15th February 1963 I was taken from the place where I was working to my room where I sleep and I was searched and among my things they found a black pocket book. From there I was taken to Bellville Police Station. There I was asked if I knew anything about Poqo. I did know anything about Poqo as I was never a member of Poqo. After that they showed me an exercise book in which was written inside a list of names of men with whom I work. On the other side of the same sheet of paper is 10 names on the other side with a ~~lean~~ heading saying Ezikhumba ~~on~~ another list although I do not the number. At the Police Station they told me that they have been informed that there I was writing members of Poqo. I knew ~~the~~ nothing about that. My aims about those names written on that exercise book, is as we usually sometimes when one of us goes home to make certain or contribute some amount of money as a help to the man who is going up country. So those were the only aims under which I wrote those names. The first 10 men I spoke to them and they agreed, ~~others~~ others I havent spoken to them but I was still going to speak to them. The aim was that I was going to let them know on the date of the farewell party which we would make. Unfortunately I was arrested before I could tell them. The black pocket book with a list of eight names we were forming a foot-ball-club and each man contributed so much. The amount which we collected was R17.50.

The exercise book in which there were names was found by one of the men with whom I work and he took that it, to the Police, saying I was insulting them. The person who took the case to the Police is Emerst Mlungisi, also, there may be one or two who can bear witness with him

A ~~II~~ 4.
X

(1)

Bellville ........R.O.M. 28/2/63...

Naam : MANDLA ERNEST HASHE, Bantoeman, 35jr, gebore te Cofimvaba.

N.I. Nr. : 2311915

Jy is nou in die teenwoordigheid van S/A/O. Van der Merwe ................., 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

Ek ondersoek die bedrywighede van die verbode organisasie, Pan Africanist Congress (P.A.C.), wat onder die bantoes bekend is as POQO.

Daar is inligting tot my beskikking en ek het rede om te glo dat jy 'n lid van hierdie verbode organisasie is. Dit is 'n ernstige saak en ek moet jou waarsku om versigtig te wees wat jy sê. Jy is, egter, nie verplig om enigiets te sê wat jou mag inkrimineer nie, maar wat jy sê, sal op skrif gestel word en dit mag as getuienis gebruik word.

Verstaan jy wat die aard van die beweerde aanklag is en jou regte ? Ek verstaan wat die aard van die beweerde klagte is en wens die waarheid wat ek weet daaromtrent te vertel.

Ek is ṅ lid van die organisasie bekend as Poqo. Gedurende Junie 1962 was ek genader deur Bantoeman HENRY BIKO, wie toe te Nyanga Wes woonagtig was te NY.19 No.56 maar wie sedert dien na sy huis te Umtata teruggekeer het. Henry het aan my gesê dat ek by die "Congress" moet aansluit en het verder verduidelik dat die "Congress" beteken dat die Bantoes bymekaar moet kom sodat hulle vryheid kan kry. Hy het ook verder gesê dat die aansluit fooi 2/6d. is. Ek het toe aan Henry 2/6d. gegee en hy het my naam neergeskryf. Ek het nie ṅ kwitansie vir die geld gekry nie. Hy het ook aan my gesê dat daar vergaderings gehou sal word en dat ek daarvan in kennis gestel sal word. Hy het ook verder gesê dat ek nou ṅ lid is van die Congress Poqo en dat ek met niemand wat nie ṅ lid van die organisasie ~~en met~~ die Polisie moet praat nie en inligting moet gee nie en dat enigiemand wat inligting omtrent die organisasie verstrek doodgemaak sal word. Hierdie gesprek het in Nyanga-Wes plaasgevind. Hierna is ons toe uitmekaar.

Dit was nie die eerste keer wat ek Henry ontmoet het nie. Ek het hom al vorige kere ontmoet te Langa toe ek vir ander mense daar gaan kuier het. Hierdie ontmoetings het in die straat plaasgevind en by hierdie ontmoetings het Henry my ook gevra om aan te sluit maar ek het aan hom gesê dat ek nog eers wil dink. Henry het aan my gevra waar ek werksaam is en ek het aan hom gesê dat ek by die Jewish Old Age Home, Buitenkantstraat, Kaapstad werksaam is.

Gedurende September 1962 het ek ṅ brief van Henry Biko by my werk ontvang waarin ek in kennis gestel word van ṅ vergadering wat te Langa gehou gaan word en dat ek dit moet bywoon. Hierdie vergadering sal gehou word agter die "Barracks" om 9nm. Om ongeveer 8.30nm. op die tyd soos aangedui in die brief het ek gegaan na die plek agter die "Barracks" te Langa. Hier het ek ongeveer 50 Bantoemans aangetref. Van hierdie 50 was die volgende aan my bekend :- (1). LIVINGSTON MGADI, (2). KIDMAN SOLOMON, (3). THOMAS RAKAIBE, (4). BIZABANTU. Hierdie persone werk almal saam met my en is goed bekend aan my. HENRY BIKO was ook op hierdie vergadering. Ek het alleen na hierdie vergadering gegaan en het die ander daar ontmoet. Op hierdie stadium het ek nie geweet dat hulle lede van Poqo is nie.

Met my aankoms daar was ṅ Bantoeman besig om die gehoor toe te spreek. Ek het gevra wie hierdie man is en was meegedeel dat hierdie man se ~~xxx~~

E.H. ......... /2.....

naam HAN is en dat hy te "Special Quarters," Langa woonagtig is. Hierdie man het gesê dat ons almal lede van Poqo is en dat enige man wat weer draai of die organisasie by die Polisie gaan verklap sal doodgemaak word. Hy het verder gesê dat die witmense hulle in 1960 geskiet het en dat die witmense hulle gewen het net omdat die bantoes nie wil saamstaan nie maar dat ons wat lede van Poqo is nou moet saamstaan en as ons almal saamstaan sal ons vryheid kry. Hy vertrou osn nog nie maar hy sal later alles aan ons vertel. HAN het ons toe versoek om met die saluut te sluit en en almal van ons het toe gesê "INKOLOLEKO, IZWELETHU NGOKU, AFRIKA" wat beteken "ONSE LAND, VRYHEID, NOU". Hierna is die vergadering toe uiteen en het ek teruggekeer na Kaapstad. Op my terugreis was ek vergesel van die ander bantoemans wat met my saam werk en ook by die vergadering teenwoordig was. Op ons terugreis het ons gesels en gesê dat ons almal lede van Poqo is maar dat ons nog niks van die organisasie verstaan nie.

Gedurende November 1962 het ek 'n brief ontvang waarin ek weer in kennis gestel was van 'n vergadering wat by die Zones te Langa gehou gaan word om ongeveer 8.30nm. op 'n Vrydagaand. Hierdie brief was afkomstig van HAN. Henry Mabiko was toe nie meer hier nie maar het toe alreeds na Umtata vertrek. Hierdie brief was per hand by my afgelewer deur bantoeman DLOMO wat in Langa by die Zones woon. Ek ken nie die nommer nie. Dlomo het aan my gesê dat ek ook aan die ander lede moet sê om die vergadering by te woon.

Ek het toe die brief voorgelees aan die ander Bantoes wat ek geweet het wat lede van Poqo was en wat die eerste vergadering te Langa bygewoon het.

Op die betrokke Vrydagaand het ons almal na die vergadering gegaan te Langa. Op hierdie vergadering was daar ongeveer 30 mense teenwoordig. Die spreker op hierdie vergadering was weer HAN. Han het gesê dat die dag waarop ons vryheid sal kry gekom het en dat dit in 1963 sal wees. Hy het gesê dat die Bantoes in Paarl geskiet was en dat ons baie versigtig moet wees. Ons was weer vermaan om niks van Poqo te sê nie.

Hierna het 'n ander Bantoeman, wie hulle gesê het MADIKA is en wat by die "Flats" woonagtig is gepraat en gesê dat ons versigtig moet wees dat die witmense nie weet van Poqo nie want ons wil hulle doodmaak en as hulle daarvan weet dan gaan hulle vir ons seermaak. Ons was meegedeel dat dit die laaste vergadering in 1962 sal wees en hierna is die vergadering weer met die saluut afgesluit.

Gedurende die einde van November 1962 het LIVINGSTON MGADI wat saam met ons werk, aan ons gesê dat ons 'n vergadering moet by die Home. Hy het gesê dat ~~xxxxx~~ HAN aan hom gesê het om met ons die vergadering te reël. Die Woensdagaand om 8nm. het ons toe by die Jewish Old Age Home 'n vergadering gehou. Hierdie vergadering was gehou in die ~~bos naby~~ die Home. Op hierdie vergadering was teenwoordig (1). LIVINGSTON MGADI, (2). KIDMAN SOLOMON, (3). THOMAS RAKAIBE (4). BIZABANTU, (5). SIMON NDUKU, (6). THEMBISILE MADIKANE (7). MASOKA en myself. Ons is almal by die Home werksaam en woonagtig. MGADI was die spreker by die vergadering en het gesê dat HAN gesê het dat hulle die name van die mense wat saam met hulle werk en wat nie by Poqo wil aansluit nie moet neerskryf en dit moet dan na HAN geneem word en dat hy weet wat om dan daarmee te maak. Mgadi het toe aan my gesê om die name neer te skryf van die persone wat lede is en ook om 'n lys te maak van die name van persone wat nie lede is nie. Ek het MADIKANE gevra vir 'n boek wat hy aan my gegee het en waarna ek toe die name in twee groepe geskryf het naamlik die wat lede is en die wat nie lede is nie. Dit is al wat hier bespreek was.

Hierna het ek nie enige verdere vergaderings by die Home bygewoon nie. Op 9/1/63 het ek met verlof gegaan na my huis te Cofimvaba en het weer op 22/1/63 teruggekeer. Hierna was daar geen vergadering by die Home gehou of op enige ander plek wat ek bygewoon of van geweet het nie.

Op die laaste vergadering wat te Langa gehou was het HAN gesê dat ons van die Jewish Old Age Home vir ons 'n Chairman en 'n Sekretaris moet kies.

Hy het ook gesê dat THOMAS RAKAIBE verder aan ons sal verduidelik.

Komittee Op die vergadering wat ons toe by die Home gehou het ~~by die bos~~ in die Kaap Kalue was THOMAS RAKAIBE toe as die Voorsitter en ek as die Sekretaris verkies.

In die boek in besit van die Polisie en wat nou aan my getoon word verskyn daar 11 name. Hierdie persone is almal lede van Poqo en het die vergadering by die Home ~~by~~ die ~~bos~~ bygewoon waar ek ook aan almal van hulle, hulle name gevra het en hulle dit aan my gegee en ek dit neergeskryf het.

Aan die anderkant van dieselfde bladsy verskyn ook 'n lys van name. Hierdie name is die name van persone wat ook by die Home werksaam is maar wat nie lede van Poqo is nie. Sommige van hierdie name was aan my bekend en ander het ek gekry van Poqo-lede.

Ek dra nie van enige ander vergaderings wat gehou was kennis nie en weet ook nie van ander Poqo's wat vergaderings by die Home kom toespreek het nie.

Ek ken nie ander Poqo lede te Langa behalwe HAN nie en weet slegs dat hy by die Special Quarters woonagtig is maar ken nie die nommer nie. Ek ken ook nie die huis nie.

Op die vergaderings wat ek bygewoon het was daar nooit iets aan ons gesê omtrent wapens of oor hoe ons gaan baklei nie.

Ek dra geen verdere kennis van Poqo nie.

Ek is woonagtig en werksaam by die Jewish Old Age Home, Buitenkantstraat, Kaapstad. My bewysboek Nr. is 2311915. My Belastingidentiteitsnommer is 25/39/1864 (Cofimvaba). Ek het gedurende 1953 vir die eerste keer na Kaapstad gekom.

By die laaste vergadering gehou te Langa het HAN aan die gehoor gesê dat Poqo en P.A.C. dieselfde organisasie is en dat hulle saam loop.

Ernest Hashe

Vertolk van Xhosa na Afrikaans.

W. Mvubu [illegible] B/Konst.

Die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit verstaan en begryp. Be-edig voor my te BELLVILLE en in my teenwoordigheid geteken op 15/2/1963 om 5.30nm.

[signature] 15877 Sgt.

KOMMISSARIS VAN EDE : R.S.A.

MANDLA ERNEST HASHE. Further States.

I have already made a statement to the Police, after being cautioned.
I elect to add the following to that statement.

On one occasion when I met Mbiko at Nyanga he told me that I must collect money from the members of the Task force, to buy weapons. He did not say how much money is to be collected from each person. This money I was supposed to pay over to him. He did not say what kind of weapons it will be.

Consequently I spoke to the following members of the Task Force at the Home and collected money from them:-

1. Myself Ernest Hashe
2. Henry Bongeni (left employ
3. Parki Velembas (left employ)
4. Simon Ndulu
5. Mandenkosi Masaka
6. Makwentwe Mhlawuli (left employ)
7. Jembisile Madikane

The book now in possession of the Police and now shown to me is the book in which I entered the names and also the dates and amounts collected from the members mentioned.

Nos. 2, 3 + 6 have already left the employ of the Jewish Aged Home.

Ernest Hashe

Contd.

B/ville Rom 7 8/2/63. A 4.(1)

Mbiko left the Cape some time ago and I understand he is now in Transkei.

I have not paid any of this money over to him. I was waiting for him to return.

The book in brown paper cover now shown to me was given to me by Sembisile Madikane. I wrote down the names of Members of P.A.C. in it; and on the overleaf of the same page I made a list of the names of all men who did not join P.A.C. under the heading "Izikhumba".

Three meetings were held in our Quarters by Ernest Tutu and others on which they questioned me about the lists of names in the book. Ernest Tutu and some others were offended by the name they were listed under.

The list of names on brown paper now shown to me with my name on it, I think refers to men who bought tickets for a dance show held in the Railway Institute Hall Salt River. I bought a ticket from Thomas Rakaibe. This dance was in aid of raising funds for P.A.C.

Ernest Hoke

B/ville. 26/2/62 11.30 a.m.

Statement taken by me.

[signature] D/W/O 22373 Sergt.

Deponent acknowledges that he knows & understands the contents of this affidavit. Sworn to before me this 26th February 1962 at 11.30 a.m. After being read over & signed in my presence

[signature] D/W/O 22373 Sergt.

Com of Oaths R.S.A.